

Kom neem deel aan die formele en informele tennis by Laerskool Magalieskruin. Die skool se tennisliga spanne speel in die 1ste en 3de kwartaal ligawedstryde teen ander skole. Daar is Oop Seuns- en Dogter spanne asook O/11 Seuns- en Dogter spanne wat deelneem aan die liga.

Die spanne oefen voor skool en word dan deur ons professionele afrigtingspan afgerig tydens die ligakwartale. Gedurende die 2de kwartaal vind daagwedstryde plaas waartydens leerlinge hul posisies kan verbeter op die tennisleer. Die skool se tenniskampioenskappe en daaropvolgende daagtydperk vind in die 4de kwartaal plaas.

#### **Leefstyl Tennisakademie se afrigtingspan is betrokke by die skool se tennis en afrigting:**

- Danie Strydom, Branvon du Toit en Jean Nel.
- Juffrou Jeanne-Marié Erasmus is ook betrokke by die Minitennis afrigting.
- Juffrou Chané Fensham is betrokke by die beginner tennis van die skool. Sy is ook die Tennis organiseerder.

Leefstyl Tennisakademie se afrigtingspan is geregistreer by die Nasionale Afrigting liggaam en by Gauteng Noord.

Danie het 'n leeftyd se ervaring in tennis bestuur, opleiding en afrigting. Danie het vir die Suid-Afrikaanse Polisie se Nasionale Tennisspan gespeel en van die ander lede van die afrigtingspan speel huidig vir Tukkie en klubliga. Verdere ervaring word geput uit die afrigtingspan waar van die lede verskeie jare werksaam was by die ITF se sentrum by Tukkie waar met van die beste juniors uit Afrika onder andere gewerk is. Die afrigters bly op hoogte van die nuutste metodiek en afrigtingsmetodes.

Die model wat gebruik word is die ITF se tennisafrigting model asook die "Play and Stay" Model wat deur die Suid-Afrikaanse Afrigters vereniging onderskryf word.

Dit behels die nuutste afrigtingstegnieke en metodiek wat wêreldwyd gevolg word. Afrigting, tegniese bystand en toepassing daarvan asook liga en toernooi voorbereiding word gedoen.

Daar word ook 'n oefengroep (Squad) by Zambesi Tennisklub gehou op Dinsdagmiddag van 16:30-18:00 vir ligaspeelers van Noord-van die Berg.

Van Laerskool Magalieskruin se kinders neem deel aan die Interklub wedstryde wat tussen klubs in Pretoria gespeel word.

Die deelname aan skool en klubliga asook toernooie in die vakansies help kinders om hul tennis te verbeter. Rondomtalies word ook aangebied. Daar is professionele tennisafrigting op Woensdagmiddae op die skool se bane beskikbaar regdeur die jaar, teen betaling. Daar word ook nog verdere afrigting by Zambesi Tennisklub en in die omgewing aangebied.

Mini-tennis "Play & Stay" word aangebied vir die Gr 1 - Gr 3 kinders in LO. Groepe word gevoed vanuit die Mini-tennis groepies of kinders wat al kan speel.

Met die kleingroep formaat kan ons effektief met die kinders werk. Besoek gerus die Leefstyl Tennisakademie webtuiste vir nuus, foto's, toernooie, rondomtalies, spanlyste, daagreëls ensovoorts - <http://www.lifestyletennisacademy.co.za>

Facebook Foto's - <https://www.facebook.com/LeefstylC>

[www.lifestyletennisacademy.co.za](http://www.lifestyletennisacademy.co.za) | [www.lifestylec.com](http://www.lifestylec.com) | (Sel) 0827792431